

GEDAGTES OOR:

ROEPING

Beste ,

“Is jy *&^%$ in jou kop?!”, het hy - wat saam met my groot geword het - my hewig ontsteld toegesnou. Dit was sy reaksie nadat ek ons roeping na Japan telefonies met hom gedeel het, vroeg in 2008. Toegegee, dit was baie onverwags. Baie dinge het hom, soos vir ons, onkant gevang, om die minste te sê. Daar was heelwat mense, selfs goeie vriende, wat waarskynlik dieselfde oor ons oortuiging gedink het, maar dit net nooit só verwoord het nie. Vrae oor waar ons fondse sou kry t.m.v. rampspoedige wisselkoerse, toekomstige opvoeding van ons kinders en ‘n eindelose lys ander onsekerhede het, volgens hom, ons roepingsverhaal oorskadu.

Desondanks is ons binnekort (10 April) net mooi agt jaar in Japan. En die roeping wat ons

destyds uit Jesaja 49:1-7 ontvang het, kring steeds uit. Dis die Here se werk, en ons is vandag steeds verras, én diep dankbaar, om daarvan te kan deel wees. Hy het ‘n skare getroue medewerkers opgerig as mede-gestuurdes. Dit bevestig en versterk daagliks ons hier-wees. Onsekerhede en uitdagings is steeds met ons hier, as julle gestuurdes, maar die Here se genade, troue sorg en krag oorskadu dit.

Ek gesels ‘n tydjie terug met ons vier kinders oor ons opkomende besoek aan Suid-Afrika later vanjaar, terwyl ons in ‘n park speel. Die gesprekke wentel rondom hulle opgewondenheid om op die plase (van ons familie) te gaan baljaar. Elkeen droom oor die lammetjies en kalfies wat hulle gaan vashou. Terwyl ons terugstap huistoe, sê Cornelius (7 jr.) uit die bloute hy hoop Annlie (9 jr.) word ‘n sendeling, want hy wil eerder boer. Ek frons want ek verstaan nie mooi nie. Ek en hy het immers nog nooit só oor ons roeping gesels nie. Waarop hy, met trane in sy oë uitbrei: “want ek weet as God my roep om sendeling te wees, sal ek nie kan boer nie.”

Noodeloos om te sê, het die trane in my oë het ook vlak gelê … want ek kon heelhartig identifiseer met Cornelius. Ek het ook destyds – in 1995 - gedink en worstelend gehoop dit sou anders uitdraai. Dat ek sou kon boer, of later selfs professioneel rugby sou kon speel, éérder as om ‘n predikant te word. Wat nog te sê van sendeling-wees in Japan van alle plekke! Maar die Here het op soveel maniere ons pad anders gerig. En ons keuse om na Japan te kom, tot vandag toe, deurgaans vooruit gegaan.

Hoekom deel ek dit? Om twee redes:
(1) Eerskomende Vrydag (3 Febr) vind ons jaarlikse dag van verootmoediging en gebed plaas, hier by KRTS (Kobe Reformed Theological Seminary). Die fokus is om (veral die) studente te versterk in hulle roeping, en saam die nuwe jaar aan die Here toe te wy. Dit laat my hierdie week diep aan ons as gesin se pad tot hier, nadink. Ek wil jou graag vra om saam met ons te bid. Lees hieronder verder waarvoor.

(2) Tussen Julie en Oktober (2017) kry ons weer die geleentheid om iets van die omvang en diepte hiervan met jou persoonlik te deel, en om saam in verwondering te wees oor “watter hoop sy roeping inhou” (Efes. 1:18). Ons SA besoek se program is vinnig aan die volraak, en ek nooi jou graag uit om my te kontak by jsvdwatt@gmail.com as jy ‘n afspraak wil vasknoop.

Hieronder is 'n paar foto's van gebeure uit die afgelope weke.
Baie dankie vir jou volgehoue belangstelling, omgee en ondersteuning.
Ons maak staat daarop!

Vrede en vreugde,

Stéphan, Carina en gesin

Kobe Kweekskool se 2016 Kersfees-afsluiting.

GEBEDSVERSOEKE:

- Kobe Theological Reformed Seminary (KTRS) se dosente en studente, in besonder vir die opkomende dag van gebed en toewyding (3 Febr), vir die bevestiging en versterking van ons onderskeie roepings vir die kerklike bediening in Japan.
- RCJ Shikoku Ring en gemeentes waarin ons steeds betrokke is; spesifiek Sondag 26 Febr. se preek (Stéphan) en samesyn in RCJ Marugame.
- RCJ Tokushima gemeente, hul nuwe leraarspaar (Sumito en Akiko Furusawa), *Happy Kids* en *English Fellowship* bedieninge.
- Gys en Linda Olivier, Missie Japan se Engelse onderwysers by SEIWA Meisiesskool in Kochi Stad, met Johan (7 mnde) en sy suster Linie (3 jr).
- ‘n Groep besoekende studente (van ‘n kweekskool uit Korea) wat skakel met KRTS studente, einde Februarie.
- Carina en ons kinders se nuwe kwartaal van tuisskool wat in volle swang is. Carina bied ook Engelse klasse aan vir ‘n paar KRTS studente, en het haar hande verder vol om gereeld gaste gasvry te ontvang in ons huis.
- Stéphan se voorbereidings vir: weeklikse lesings by KRTS; skryf van artikels vir kerklike tydskrifte en Bybelstudie publikasies; opkomende geleenthede in ander streeksringe van die RCJ (Reformed Church in Japan); reëlings vir die opkomende deputasie-tyd in Suid-Afrika (29 Junie tot 10 Oktober).

“En ek sal my ook verder verbly … omdat julle vir my bid en die Gees van Christus my

bystaan." So skryf Paulus in Fil. 1:19. Ons deel heelhartig in sy vreugde, omdat ons diep bewus is van die kombers van gebede wat ons dag-vir-dag omvou. Julle dra ons, en ons werk en lewe hiér is daarsonder leeg en sinloos.

Kliek hier vir Missie Japan se daaglikse gebedskalender

MAAK 'N BYDRAE VIR MISSIE JAPAN